

6 November - TEKEN

Skrifgedeelte: Esegïel 4:1-8

Fokusgedeelte: Esegïel 4:3

Esegïel ontvang opdrag van die Here om 'n baksteen of 'n kleitablet te neem en daarop 'n stad te teken: Jerusalem; 'n stad wat aangeval word! Hy bou oorlogsforte, laers wat teen Jerusalem opruk, en stormramme wat die poorte gaan uitmekaar ruk.

Die Here wil hier aan die volk 'n duidelike, profetiese Woord rig en hy gee aan Esegïel die verdere opdrag om 'n ysterpan as teken van 'n ystermuur tussen hom en die stad te stel. Dit moet 'n *teken* vir die huis van Israel wees; 'n *teken* van die volk se sonde. As gevolg van hulle sonde het hulle hul van die Here verwyder. Hulle sonde is soos 'n ystermuur tussen hulle en die Here. Die Here het dit teen sy kerkvolk, omdat hulle sê dat hulle die Here dien, maar in hulle harte dien hulle afgode.

Wat wil die Here God vir ons aantoon? Vir die Here is dit 'n gruwel as kerke en lidmate uiterlik nog die Here dien – uiterlik nog besig is met die Here – maar in hulle wese nie meer die Here dien nie. Die Woord word nie meer gelees nie, die erediens word nie meer onderhou nie en die doopbeloftes word nie meer gehou nie. In Openbaring 2:4 sê Jesus: *“Maar ek het dit teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het.”* Dit is net genade dat Hy die mens laat lewe.

Jesus Christus het die skeidsmuur van die sonde, die ysterpan of ysterplaat, afgebreek en ons met God versoen! Christus het deur die krag van sy Godheid die las van die toorn van God aan sy mensheid gedra en vir ons die geregtigheid en die lewe verwerf en terug gegee. Die Here het self die Middelaar voorsien, wat die skeidsmuur as gevolg van die sonde tussen ons en Hom afgebreek het. Hy is God en Hy is Jesus Christus, ons Middelaar en ons Verlosser.

Wat is ons dankbare antwoord daarop? Gebrekkige diens? Leë beloftes? Leë hande? Weer 'n skeidsmuur tussen ons en God? Nee, ons moet terugkeer na die lewe van genade; die lewe in Jesus Christus. Ons moet weer smaak ontwikkel vir die suiwere verkondiging van die evangelie, want in Christus, die Weg en die Waarheid, lê die ewige lewe.

Sing: Psalm 40:4 (1936-beryming)

Ds LAS Nel (Elandskraal)